Skool bywoning: meisies versus seuns

In Namibia is daar meer meisies in skole as seuns. Verlede jaar was daar meer as 12 duisend meer meisies in skole as seuns. Is dit omdat meer meisies as seuns gebore word? Of word seuns uit die skool gehou om werk by die huis te doen soos beeste of bokke oppas?
Ons sal nie antwoorde op die vrae kry voordat die uitslae van die bevolkingsensus beskikbaar is nie. Voor dan sal ons ook nie weet hoeveel kinders in Namibia woon glad nie skool by nie.

Wat ons wel weet van opvoedkundige statistieke wat beskikbaar is, is dat daar groot verskille bestaan tussen die skool bywoning van meisies en seuns; beide tussen streke en skoolvlakke.
Streek verskille dui byvoorbeeld daarop dat in 1991 meer seuns skool bygewoon het as meisies in die Katima Mulilo en Rundu areas. Maar in die Ondangwa streek het meer meisies skool bygewoon as seuns.
As ons na skoolvlakke kyk, sê die statistieke dat daar minder meisies in sekondêre skole is as seuns. Dit geld vir die hele Namibia. Meer meisies verlaat skool gedurende die sekondêre fase as seuns, en veral tydens standerd 7 en 8. Op senior sekondêre vlak is meisies in die minderheid in skole regoor die land.

Moontlike redes vir die verskynsel is die volgende: Baie meisies verlaat skool as gevolg van tienerswangerskappe. Terwyl die seun wat die meisie swanger gemaak het, voort gaan met sy skoolloopbaan, moet die meisie die skool verlaat.
Seuns word meer aangemoedig om skool te voltooi as meisies. Menige ouers se houding is dat opvoeding belangriker is vir `n seun as vir `n meisie.
As ons die uitslae van die 1991 matriek eksamen bestudeer, sien ons die volgende: Van die totale getal studente wat matriek geslaag het, was 46% meisies teenoor 54% seuns. Maar, van die totale getal wat matriek vrystelling gekry het was 51% meisies.

As ons na `n rasse-groepering van die statistieke kyk, sien ons dat 50% van al die studente wat matriek geslaag het wit studente was. 17% was kleurling studente en 32% was swart studente.
As ons die slaagkoers van swart stedelike skole vergelyk met die slaagkoers van swart plaaslike skole sien ons die volgende: Van al die studente wat matriek geslaag het in Katutura was 52% meisies teenoor 48% seuns. Van al die studente wat matriek geslaag het in swart plaaslike skole was 34% meisies teenoor 66% seuns.

Altesaam 193 wit meisies in Namibia het matriekvrystelling gekry teenoor 15 swart meisies (waarvan 8 van plaaslike skole was).
Dit is duidelik dat die gevolge van Bantoe Opvoeding, en die tekort aan fasiliteite in swart skole en in swart huishoudings, nog steeds `n uitwerking het op swart studente in die land.
Verder is meer navorsing op grond van geslag nodig ten einde die situasies en probleme van meisies teenoor seuns te beskryf. Slegs spesifieke navorsing op grond van geslag sal antwoorde verskaf op vrae soos: Waarom is die slaagkoers van meisies in plattelandse skole so laag teenoor die van seuns, en waarom beëindig baie meer meisies hul skoolloopbane vroeër as seuns.

Minder meisies woon sekondêre skool by as seuns in Namibia. In ons samelewing word groter klem gelê op die opvoeding van seuns. Tiener swangerskappe is 'n verdere rede waarom so baie meisies die skool verlaat.